VGK ELSIESRIVIER: VAKATURE VIR VOLTYDSE LERAAR

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord vir die gemeente Elsiesrivier.

GEMEENTE PROFIEL

- VGK Elsiesrivier het 'n lidmaat tal van 1840 belydende lidmate en 605 dooplidmate.
- Die grootste gedeelte van die lidmate is woonagtig te Elsiesrivier. 'n Klein persentasie is woonagtig in buite wyke nl. Parow/Goodwood, Belhar, Delft en Kuilsrivier/ Eersterivier.
- Die gemeente is hoofsaaklik Afrikaanssprekend alhoewel van die jonger belydende en doop lidmate Engelssprekend is.

LERAARSPROFIEL

Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op die uitbring van die beroep:

- Gewone predikantspligte na luid van Algemene Sinodale Bepaling 5 van die Kerkorde.
- Besondere klem op die suiwerheid van die Woord en leer soos vervat in die onfeilbare Woord van God en die kerk se belydenisskrifte.
- Die vermoë tot ouderdoms- inklusiewe dinamiese en aktuele prediking.
- Pastorale begeleiding met die klem op huis-en sieke besoek, bejaarde-sorg en sterwens begeleiding.
- Respekvolle benadering tot gemeente tradisies en die vermoë om vernuwend en kreatief met die gemeenteleiers en lidmate op reis te gaan.
- Die oortuiging dat hysy /deur God geroep is tot die bediening en gedring word om sy/ haar verhouding met God sigbaar en tasbaar te vergestalt.
- Die geestelike ontwikkeling en groei van gemeente as hoogste prioriteit.
- Die vestiging van saamwerkende, liefdevolle en dienende verhoudinge oor die breë spektrum van bedieningsruimte.

VERGOEDINGSPAKKET

- Die basiese salaris na luid van Sinodale skaal: Kerf 1 tot 3.
- Behuisings-subsidie van R3000.00 per maand.
- Kommunikasietoelaag wat telefoon en internet dek.
- Reistoelaag van R7500,00 per maand.
- 50% Mediese fonds bydrae per ooreenkoms, rakende diensverskaffer.
- 100% aandeel in die Belhar Pensioenfonds.

AANSOEKE

Belangstellendes wie kwalifiseer word genie om aansoek te doen. Die aansoek moet vergesel wees van:

1. Motiveringsbrief en volledige CV
2. Gewaarmerke afskrif van Akte van Legitimasie
3. Kontak besonderhede van twee referente

Elektroniese aansoek moet gestuur word aan die skriba by Epos: vgkelsiesrivier@isales.co.za

Kandidate wie die kortlys haal sal gekontak word.

Kandidate moet bereid wees om op eie onkoste die onderhoud by te woon en preekbeurt te Elsiesrivier waar te neem.

Aansoeke sluit Woensdag 15 November 2023 om 12H00